**Sondag 24 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 2:29-36; HK Sondag 19, Vraag 51**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:33**

## Christus skenk ons hemelse gawes deur die Heilige Gees

Christus wat aan die regterhand van God sit en beklee is met alle mag in die hemel en op die aarde, is in staat om die rykdom van God se genadegawes in ons uit te stort. Hy het ook voor sy hemelvaart aan sy dissipels as verteenwoordigers van sy kerk belowe dat, as Hy na sy Vader toe gegaan het, Hy die Heilige Gees as Voorspraak aan hulle sou stuur (Joh. 16:13-15). Hierdie beloftes het Hy op Pinksterdag vervul (Hand. 2:33). Die Heilige Gees is daarom die eerste en allergrootste gawe wat ons Koning aan ons skenk. Onmeetbaar is die Heilige Gees as gawe omdat Hy terselfdertyd ook die gewer is, want deur Hom ontvang ons al die ander hemelse gawes wat die Vader en die Seun ons skenk.

Die wonderlikste gawe van die Heilige Gees is die evangelie. Christus het immers aan sy dissipels belowe: “Wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het” (Joh. 14:26). Christus het oor ’n tydperk van drie jaar in sy onderrig baie dinge aan sy dissipels gesê. Hy het ook in hulle teenwoordigheid baie dinge aan die mense gesê. Hulle was ook aanskouers van die baie wonders wat Hy gedoen het.

Nou is dit te verstane dat die dissipels, wat gewone mense soos ons was, maklik aspekte en fyn besonderhede van Jesus se onderrig en wonders kon vergeet of onvolledig kan weergee. Dan sê Christus egter dat die Heilige Gees wat Hy na hulle sal stuur, sal sorg dat hulle nie vergeet wat Hy gedoen en gesê het nie. Hy sal hulle herinner aan alles wat Jesus gesê en gedoen het sodat hulle dit aan ander kon meedeel en kon neerskryf.

So het Jesus self deur die Heilige Gees gesorg dat ons tans vier weergawes van die evangelie het en dit ook kan ken. Dit is deel van die wonderlike hemelse gawes wat ons van Hom ontvang het. Verder verlig Christus deur sy Gees ook ons verstand om die evangelie reg te verstaan. Ook herinner Hy ons in krisisoomblikke aan uitsprake in sy Woord om ons te vertroos en te bemoedig.

Daar is ook geestelike gawes wat Christus deur sy Gees aan die gelowiges gee om hulle vir hulle roeping in die kerk bekwaam te maak (1 Kor. 12, 14). Onder die gawes is daar ook mense soos apostels, profete, ampsdraers, herders en leraars wat die gelowiges as liggaam van Christus moet toerus en opbou (Ef. 4:10-12). Verder is daar ook nog die gawes van wedergeboorte en bekering, van geduld en volharding, van geloof, hoop en liefde. Selfs stoflike dinge soos kos, klere, huis en geld is hemelse gawes as ons met die oog van die geloof daarna kyk. Dit geld ook vir beproewings wat vir ons ten goede meewerk (Rom. 8:28). Dank Christus vir al sy hemelse gawes!